**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 3 APRIL 2012 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 3/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur Charl Coetzer, waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Buks Pieterse | Voorsitter | Bewarea |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Deon Hoon | | Reebok |
| Frik Nel | | Reebokhoogte |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Jaco Hefer | | Reebokrif |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Des Muller | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Anton Dellemijn | | Tergniet |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Martin Smith | Notuleerder | Fraaiuitsig |
| Dorothy Barnard | Sekretaris en Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Peter Juthe | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Voorgestel en gesekondeer deur mnre George Nezar en Frik Nel.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **4.1** | **Wyke 4 en 5: Maatskaplike werkswinkel – 30 Maart, Danabaai** | |
| | Dawid meld dat hy slegs 2 dae voor die vergadering plaasgevind het, daarvan in kennis gestel is. Jaco kla ook aangesien presies dieselfde in die verlede ook gebeur het met verwysing na die jeugkongres wat hy bygewoon het. Haal af. | Kallie / Gibo |
| **4.2** | **Openbare Werkswinkel: Kusbestuursprogram - 11 April, 28Junie** | |
| | Volgens die kennisgewing in die koerant is dit meer van toepassing op die werksaamhede van Bewarea en sal Buks en Frik dit bywoon. | Buks / Frik |
| **4.3** | **Ramp- en Risikobestuursplan** | |
| | Kallie moet opvolg na aanleiding van navrae deur Buks wat nog uitstaande is. Daar bestaan onduidelikheid oor die interpretasie van sekere besluite. | Kallie / Buks |
| **4.4** | **Obstruksies op sypaadjies** | |
| | Verskeie gevalle het die afgelope tyd na vore gekom en is dit na die Munisipaliteit verwys vir optrede. 'n Aantal inwoners in Blouwildebeesstraat het nou opdrag ontvang om hul sypaadjies op te ruim, en veroorsaak dit uiteraard groot ontevredenheid. In baie gevalle is dit egter so dat die Wet oortree word en wil ons as Vereniging nie betrokke raak nie. Dorothy meld ook van gevalle waar daar geen plek gelaat word vir voetgangers nie. Leon verwys na een geval waar voldoende spasie gelaat is en is dit onregverdig dat die inwoner alles moet verwyder. Kallie beveel aan dat sulke gevalle terug verwys word na die Munisipaliteit. Haal af. | |
| **4.5** | **Navraag M E Kelbrick** | |
| | Bogemelde beweer dat waterpype gelê word in 'n woongebied tussen die N2 en R102. Peter Juthe sal dit opvolg. | Peter |
| **4.6** | **Opgradering van Kusweg** | |
| | Johan Visser doen navraag oor die aantal stelle trappe vir toegang tot die strandgebied. Finale besluit hieroor sal eers geneem word wanneer werk aan Kusweg afgehandel is. Kallie meld dat aantal stelle trappe verminder sal word om skade aan duine te beperk. Terrie verwys ook na 'n artikel in "Stywe Lyne" oor toegang na die see vir hengelaars. Buks sal Johan Visser se brief beantwoord. Haal af. | Buks |
| **4.7** | **Stormwater - Impalaweg** | |
| | Werk wat langs Impala gedoen is het tot gevolg gehad dat water oor die straat gespoel het met die onlangse reën en die NG Kerk se eiendom oorstroom het. Die Munisipaliteit het aandag daaraan gegee, maar water stroom steeds oor Impala voordat dit De Jagerstraat bereik. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Peter Juthe sal 'n versoek rig dat voldoende voorsiening gemaak word vir die afvloei van stormwater. | Peter Juthe |
| 4.8 | **Waterdruk in Reebok** | |
| | Inwoners in 'n gedeelte van Reebok ondervind waterdruk probleme. Buks is van mening dat indien dit veroorsaak word deur verouderde toerusting (pype), stappe geneem moet word om dit op te gradeer. | Peter Juthe |
| 5. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 5.1 | **Erf 264 en 271, Reebok** | |
| | Ons het besware ingedien by Eden Distriksmunisipaliteit. Tydens die gesprek met die Burgemeester sou die Munisipaliteit ons van afskrifte voorsien het van korrespondensie tussen hulle en Eden oor bogemelde erwe. Tot dusver het ons niks ontvang nie en dit wil voorkom of die Munisipaliteit ons totaal ignoreer ten opsigte van wat met Eden bespreek word. | Gibo / Kallie |
| 5.2 | **Versperring van sig by uitgange na R102** | |
| | Frik meld dat daar nog niks gedoen is nie. Mnr Viljoen het ons klagtes deurgegee aan Eden Distriksmunisipaliteit. Terrie meld dat die Polisie ook al versoeke gerig het dat uitsig aandag moet kry. In geval van 'n ongeluk is daar nie voldoende spasie vir voertuie nie en skep dit die gevaar van 'n verdere ongeluk. Die Wildeperske uitgang het dringend aandag nodig. | |
| | Kallie sal via die Munisipaliteit poog dat Eden aandag gee aan die probleme. | Kallie / Peter |
| 5.3 | **Vervanging van oorhoofse drade met ondergrondse kabels** | |
| | Werk vorder bevredigend. Sit op aktiwiteitslys vir Julie 2012. | |
| 5.4 | **Opgradering van Kusweg – Vorderingsverslag oor riool- en infrastruktuur** | |
| | Ons is reeds tydens die vorige vergadering volledig ingelig. | |
| 5.5 | **Opgradering van R102** | |
| | Niks nuuts om te rapporteer nie. Die aangeleentheid sal weer in Oktober bespreek word. Haal af en sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 5.6 | **Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied** | |
| | Dawid is baie tevrede met samewerking wat hy kry van André Strauss wat aandag moet gee aan sy versoeke. Tenders is uitgesit vir die aanbring van vullishouers en Kallie meld ook al die punte waar houers geplaas sal word. | Gibo / Kallie |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 5.7 | **Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier**<br><br>Dank aan Peter vir goeie terugvoering wat hy gee oor besluite en besprekings. Die Munisipaliteit wil nie enige opgradering doen voor grondeienaarskap opgelos is nie. | Charl / Peter |
| 5.8 | **Argifering**<br><br>Niks vordering nie. Soek steeds 'n kas. | Buks |
| 5.9 | **Stopstrate in Impalaweg**<br><br>Dit lyk of die stopstrate nie deur toegeetekens of iets anders vervang gaan word nie en daar is dus niks wat die Vereniging kan doen nie. Die Vereniging sal wil sien dat meer spoedlokvalle op die R102 opgestel word. Daar is egter beslis nie genoeg inligtingtekens op die R102 wat die maksimum spoed op die pad aantoon nie. Peter sal onderhandel dat meer tekens aangebring word. | Peter Juthe |
| 5.10 | **Strandbeheer (honde en hengel)**<br><br>Op die stadium kan ons aanbeveling dat kennisgewings vervang word nie oorweeg word nie.<br><br>Ons wag vir die Munisipaliteit se terugvoer insake strande vir honde en perde voordat ons die saak verder sal voer. Terrie wys ook daarop hoe absurd sekere wette is en hoe dit hulle werk bemoeilik. Daar word ook verwys na die regulasie rondom hengel en baie oortredings wat plaasvind deur nie-inwoners. | Dorothy |
| 5.11 | **Aksieplan: Afvuur van klappers**<br><br>Sektorpolisiëring beveel aan dat geen afvuur van klappers die norm moet wees. Dawid verwys na Kaapstad waar gebiede beskikbaar gestel word vir afvuur van klappers. 'n Gedeelte van Diaz strand is sekere tye van die jaar daarvoor beskikbaar. Frik voel dat 'n sentrale plek beskikbaar moet wees en dat die brandweer dit moet goedkeur. Haal af. Sit op aktiwiteitslys vir Oktober 2012. | |
| 5.12 | **Kontakbesonderhede van erf eienaars**<br><br>Die Munisipaliteit oorweeg ons versoek. Sal dit weer opvolg. | Peter Juthe |
| 5.13 | **Powertowon**<br><br>Buks is van mening dat Powertown uit die gebied geskuif moet word en wel om die volgende redes:<br><br>• Hartenbos Landgoed projek is van die baan.<br>• Lê in die vloedvlakte.<br>• Misdaad neem toe weens verskeie redes.<br>• Geen werksgeleenthede vir inwoners. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | • Ligging direk langs snelweg. Toegang onderdeur snelweg word weens misdaad nie gebruik nie. Omdat dit in 'n vloedvlakte geleë is, het dit tot gevolg dat rivier besoedel word. | |
| | Die algemene gevoel is dat ons met die Munisipaliteit skakel om te verneem, wat hulle beoog. | |
| | Buks sal die saak verder voer. Haal af en sit op aktiwiteitslys vir Junie 2012 | Buks |
| **5.14** | **Mangatdeksels** | |
| | Deksels op die hoek van Kaaimans- en Robertsonlaan is nog nie vervang nie. Aangesien staaldeksels gesteel word oorweeg die Munisipaliteit tans alternatiewe. Peter sal opvolg dat die areas beveilig word. | Peter Juthe |
| **6.** | **PROJEKTE** | |
| **6.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Kallie meld van 'n proses wat begin het vir die aanbring van straatname. In sekere gebiede kan die resultate alreeds gesien word. Frik rig 'n versoek dat gekyk word na die korrekte spelling van sommige straatname. | Kallie / Peter |
| **6.2** | **Skoonmaak van erwe – deurlopend** | |
| | Ondervind goeie samewerking. | Dawid |
| **6.3** | **Rampbestuur** | |
| | Gibo is aangestel om planne te bestuur. Sal met volgende vergadering by Gibo verneem hoe planne vorder. | Gibo |
| **7.** | **FINANSIES** | |
| | Geen verslaggewing nie. | Dorothy |
| **8.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Inbrake kom nog steeds voor en in baie gevalle is dit nalatigheid van inwoners wat tot gevolg het dat goedere gesteel word. | |
| **9.** | **BEWAREA** | |
| | Gebied word nou in areas verdeel om monitering makliker te maak. | Buks |
| **10.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **10.1** | **Fraaiuitsig** | **Charl / Martin** |
| | Tevrede met skoonmaak wat in die gebied gedoen word. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.2** | **Klein-Brakrivier** | **Charl / Pieter** |
| | Geen verslag nie. | |
| **10.3** | **Reebok** | **Deon** |
| | Geen verslag nie. | |
| **10.4** | **Reebokhoogte** | **Frik / Kruger** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.5** | **Reebokrif** | **Leon / Jaco** |
| | Erf waaroor daar gekla is, is skoongemaak. | |
| **10.6** | **Riverside** | **Terrie/Des** |
| | Geen ernstige probleme nie. | |
| ***10.6.1*** | ***Obstruksie wat vloei van water verhinder*** | |
| | Buks behoort in Mei 2012 terugvoer te ontvang. Haal af. | Buks |
| **10.7** | **Tergniet** | **Dawid** |
| | Kallie sê dat die Munisipaliteit bewus is van opdamming van water op die h/v 3de Laan en Swartstraat en dat daar begroot is om die probleem op te los. Indien ons meer wil weet kan ons met Pieter Myburgh skakel. Haal af. | Dawid |
| | Melding word gemaak van rioolpompstasie en of dit 'n effek gaan hê op eiendomswaardes. | Anton |
| **10.8** | **Tergniethoogte** | George/Mike |
| | Verwys punt 10.7 insake rioolpompstasie. | |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| | Reeds afgehandel via aanvullende agenda. | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 8 Mei 2012 – 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | MARTIN SMITH<br>**NOTULEERDER** | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 4/2012 GEHOU OP 8 MEI 2012.<br><br>GEORGE NEZAR<br>**ONDER-VOORSITTER** | |